

SAAM-PRAAT-PAPIER

Heb 1:1-3

In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, (2) maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak. (3) Uit Hom straal die heerlijkheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God.

Heb 13:15-16

Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely. (16) Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is.



GOD PRAAT IN DIE LAASTE DAE DEUR SY SEUN

- 1 GOD HET OP BAIE MANIERE GEPRAAT**
- 2 GOD PRAAT JESUSTAAL OM ONS HARTE TE VEROWER.**
- 3 ONS PRAAT OOK NOU JESUSTAAL**

SAAM-PRAAT:

- 1 *Wat is na jou mening die kernboodskap van Kersfees vir vandag ?*
- 2 *Praat saam oor al die verskillende maniere hoe God in die verlede met ons gepraat het.*
- 3 *Watter verskil maak dit dat God nou deur Sy Seun met ons kom praat het ?*
- 4 *Bespreek die stelling : Ons praat ook nou Jesustaal (wat bedoel ons daarmee ?)*

